

Sondag 27 November

Skrifgedeelte: 2 Korintiërs 11:1-15

Fokusgedeelte: 2 Korintiërs 11:14-15

Pasop! Die vyand kom soos 'n engel van die lig!

Satan doen homself voor as 'n engel van die lig. Daarom is dit ook geen wonder dat sy dienaars hulle voordoën as mense wat die wil van God doen nie (11:14-15). Deesdae is daar teoloë wat 'n saak daarvoor probeer uitmaak dat Satan nie 'n persoon is nie, maar slegs 'n boosheid. Hulle lees hulle Bybel maar sleg. Satan is 'n sluwe, slinkse verleier wat baie maskers dra. Hy doen alles in sy vermoë om nie sy ware kleure te wys nie.

Met tye loop hy rond soos 'n brullende leeu op soek na iemand om te verslind (1 Pet. 5:8). Deur vrees in te boesem, probeer hy om mense afvallig te maak. Maar sy taktiek is nie altyd vreesaanjaend nie. Soms tree hy soos 'n engel van die lig op. Dit het hy ook gedoen toe hy Jesus in die woestyn probeer verlei het (Matt. 4:1-11). Hy het selfs uit die Bybel aangehaal om sy praatjies vroom te laat klink.

Dis in dié gedaante dat hy in die gemeente van Korinte gewerk het. Paulus verdedig hom teen indringers van buite in die gemeente. Hulle is in diens van die opposisie en hulle volg ongelukkig dieselfde taktiek. Soos wat Satan hom as engel van die lig vermom, hou hierdie indringers hulle voor as werkers van die geregtigheid (11:14-15). Hulle verkondig egter 'n ander Jesus (11:4). Hulle optrede, tesame met die misleidende evangelie wat hulle bekendmaak, is radikaal anders as syne.

Ja, Satan doen hom voor as 'n engel van die lig, maar lei miljoene mense weg van die ware lig van die Bybel. Daarom waarsku Paulus dat ons stryd nie teen vlees en bloed is nie, maar teen die vors van die duisternis en sy bose geeste in die lug. Ons hoef egter nie bang te wees nie. Die bose is reeds deur Jesus Christus oorwin en dus is hy nou té lafhartig om openlik op te tree. Wyk daarom, Satan!

Sing: Skrifberyming 14-2:1, 2

Dr. D Saaiman (De Wet) (Krugersdorp)